NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2020

REKENINGKUNDE: VRAESTEL II

NASIENRIGLYNE

Tyd: 2 uur | 100 punte

Hierdie nasienriglyne is opgestel vir gebruik deur eksaminators en hulpeksaminators van wie verwag word om almal 'n standaardiseringsvergadering by te woon om te verseker dat die riglyne konsekwent vertolk en toegepas word by die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen bespreking of korrespondensie oor enige nasienriglyne voer nie. Ons erken dat daar verskillende standpunte oor sommige aangeleenthede van beklemtoning of detail in die riglyne kan wees. Ons erken ook dat daar sonder die voordeel van die bywoning van 'n standaardiseringsvergadering verskillende vertolkings van die toepassing van die nasienriglyne kan wees.

IEB Copyright © 2020

VRAAG 1 KONTANTBEGROTINGS (31 minute)

1.1 *Voltooi die debiteure-invorderingskedule vir Januarie tot Februarie 2021.*

	Kredietverkope	Januarie	Februarie
November	131 040 × 100/104 126 000	Nov × 15% 18 900 ☑	
Desember	**131 040**	**32 760**	**19 656**
Januarie	**122 700**	**69 939**	122 700 × 25% 30 675
Februarie	108 100		**61 617**
		Moenie bereken nie	Moenie bereken nie

1.2 *Bereken die persentasie korting wat gegee word aan die debiteure wat in die maand van verkope betaal.*

100 – 25 – 15 = 60%
122 700 × 60% = 73 620
73 620 – 69 939 = 3 681
3 681 ÷ 73 620 × 100 = 5%

1.3 *Timeless Read gebruik die deurlopende voorraadmetode. Bespreek twee redes waarom dit die beste metode is* ***vir 'n boekwinkel om te gebruik****.*

- Boeke word gedruk met strepieskodes daarop, dus is dit baie maklik om hulle te skandeer en 'n deurlopende rekord te hou.
- Dit is goed om op die spoor te bly van wat verkoop word om te weet wat die gewilde items is en meer daarvan te bestel. Moenie items bestel wat nie verkoop nie.
- Om op die spoor te bly beteken dat 'n mens met 'n voorraadopname kan sien hoeveel en wat weg is – wat dus gesteel is – en beheermaatreëls kan instel.

1.4 *Een van die grootste uitgawes is die handelsvoorraadtekort omdat 80% van die selfhelpboeke gesteel word. Bespreek een gedetailleerde oplossing wat Lwandi kan implementeer om hierdie diefstal te stop. Onthou dat Timeless Read se kontant knap is, daarom: hoe goedkoper die oplossing, hoe beter.*

1 punt	2 punte	3 punte
Baie gedeeltelike oplossing wat nie die diefstalprobleem sal oplos nie.	Redelik goedkoop oplossing wat die probleem gedeeltelik oplos. OF 'n Duur oplossing wat die diefstalprobleem grootliks oplos.	Redelik goedkoop oplossing wat die diefstalprobleem (grootliks) sal oplos.

Voorbeelde vir 3 punte:

- Lwandi kan die boeke in 'n veilige pakkamer hou en 'n voorbeeld van elke boek agter glas op rakke vertoon. Wanneer klante een van die boeke wil hê, kan sy vir hulle een uit die pakkamer gee.
- Sy kan die selfhelpboeke agter die kassier vertoon. Wanneer klante een wil hê, moet hulle die kassier vir een vra.
- Sit iPads op die toonbank vas met geen boeke op die rakke nie. Klante kan op die iPad deur die boeke blaai en as hulle kies om een te koop, word dit uit die pakkamer vir hulle gegee.

Voorbeelde vir 2 punte:

- Installeer 'n sensomatiese masjien (dit biep wanneer die etiket deur die sensors gaan). Baie duur en daar is maniere om dit te omseil.
- Stel 'n sekuriteitsfirma aan / persoon om kameras dop te hou wat geïnstalleer sal moet word. Om salarisse te betaal of sekuriteit te huur is duur en sal nie noodwendig die persoon vang nie.

1.5 *Voltooi die gegewe deel van die kontantbegroting vir **Januarie 2021**.*
(Toon jou berekeninge langs elke item!)

	Januarie
Ontvangste	Moenie bereken nie
Kontantverkope 122 700 × 60/40	184 050
Kontant van debiteure	Moenie bereken nie
Betalings	(438 930)
Betalings aan krediteure (252 000 + 63 000) × 0,98	308 700
Salarisse 46 350 – 5 000	41 350
Bemarking (3 600 – 1 450) × 3 = 6 450 6 450 + 1 450	7 900
Huur	Moenie bereken nie
Water en elektrisiteit	Moenie bereken nie
Ander	Moenie bereken nie
Kontantsurplus / -tekort	(133 280)

1.6 *Bestudeer die navorsing wat Lwandi oor die boekbedryf gedoen het en beantwoord die volgende vrae.*

1.6.1 *Lwandi wil regtig van Timeless Read 'n sukses en 'n lopende saak maak, en sy weet dat sy haar verkope moet verhoog om dit te doen. Onthou dat sy reeds al die spasie in haar winkel benut en bespreek twee oplossings om haar verkope te verbeter.*

- Konsentreer op kinderboeke en ontwikkel 'n reputasie dat jy kinderboeke voorsien.
- Begin om handboeke vir skole te kry – wees die tussenganger tussen die uitgewers en die skole.
- Gebruik sosiale media om die winkel te bemark.
- Kan 'n huis koop – besnoei aansienlik op die huur – dan sal daar spasie wees om handboeke in voorraad te begin hou en te verkoop.

1.6.2 *Lwandi wil graag na die gemeenskap uitreik en hulle op 'n positiewe manier beïnvloed terwyl sy Timeless Read bevorder. Stel een projek voor wat sy kan implementeer om dit te bewerkstellig.*

- Bied geletterdheidsklasse in die winkel aan en voorsien maklike storieboeke wat hulle kan begin lees.
- Hou kompetisies vir die beste oorspronklike stories wat in Afrikatale geskryf is. Bied pryse aan en stel 'n boek saam met die beste inskrywings.

VRAAG 2 MAATSKAPPY-ONTLEDING (48 minute)

2.1 2.1.1 *Bestudeer die bedryfsuitgawes. Bespreek of Stor-Age hul bedryfs-uitgawes goed beheer het. Verskaf 'n geskikte berekening en 'n rede vir jou mening.*

Ja

- Bedryfsuitgawes het met 58,13% toegeneem, terwyl die eiendomsinkomste met 69,04% toegeneem het.
- Die bedryfsuitgawes het minder as die eiendomsinkomste toegeneem. OF
- Bedryfsuitgawes aan eiendomsinkomste vir 2019 is 36,98%.
- Die bedryfsuitgawes aan inkomste het met 2,55% afgeneem.
- (Kan na individuele uitgawes kyk. Maar moet met die uitbreiding van Stor-Age in verband bring om al 3 punte te verdien.)

OF Nee, bedryfsuitgawes het met 58,13% toegeneem.
1 punt vir die berekening. 1 punt vir die kommentaar. 2 punte indien hulle dit met die toename in eiendomsinkomste in verband bring.

2.1.2 *Stor-Age het oninbare skuld van huurders op hul staat van wins of verlies. Verduidelik hoe Stor-Age party van die geld wat aan hulle verskuldig is, kan verhaal indien 'n huurder 'n oninbare skuld word.*

- Stor-Age kan wat hulle ook al in die eenheid gestoor het, verkoop om hul skuld te dek.

2.1.3 *Alhoewel die eiendomsinkomste met 69% toegeneem het, het die netto wins vir 2019 met 55,4% afgeneem. Identifiseer die twee* ***mees wesenlike*** *redes hiervoor.*

- Die ander inkomste in 2018 (billikewaarde-aanpassing van beleggingseiendomme) was baie groter as in 2019.
- In 2018 was daar 'n wins op beleggingsinstrumente, terwyl daar in 2019 'n verlies was.

2.1.4 (a) *Stor-Age herwaardeer hul beleggingseiendomme jaarliks. Skryf die naam van die AARP-beginsel neer wat hierdie herwaardering oënskynlik weerspreek.*

- Die historieseprys-beginsel / Omsigtigheid.

(b) *Skryf een voordeel en een nadeel vir Stor-Age neer om die billike waarde van hul beleggingseiendomme elke jaar aan te pas.*

Voordeel:

- Teken 'n hoër waarde vir die tasbare bates op. Makliker om finansiering te verkry.

Nadeel:

- Betaal inkomstebelasting op die verhoogde wins.
- Betaal 'n waardeerder om elke jaar die eiendomme te herwaardeer – 'n ekstra uitgawe.

(c) *Tydens 'n eksterne oudit sal die beleggingseiendomme geouditeer word. Skryf die rede neer waarom dit geouditeer sal word en gee twee stukke ouditbewyse wat die ouditeur kan gebruik.*

Die rede waarom dit geouditeer word:

- Dit is 'n wesenlike bedrag in die finansiële staat.
- Sodat die ouditeurs hierdie bedrag vir die aandeelhouers kan verifieer.
- Dat die eiendom werklik bestaan.

Twee stukke ouditbewyse:

- Gaan na die eiendomme en maak seker dat hulle werklik bestaan. (Kyk op Google Maps.)
- Kontak die waardeerders om kopieë van die waardasie-sertifikate te verkry.
- Vergelyk die waardasiesertifikate met die opgetekende waardes van die eiendomme.
- Transportakte.
- Kyk na die verband.

2.2 2.2.1 (a) *Toon hoe die opbrengs op totale kapitaal aangewend as 6,44% bereken is.*

$$\frac{260\ 293 + 81\ 786}{(4\ 624\ 751 + 3\ 494\ 259 + 1\ 706\ 902 + 801\ 598) \times ½} \times 100$$

$$= \frac{342\ 079}{5\ 313\ 755} \times 100$$

(b) *Skryf, afgesien van die daling in wins, twee ander faktore neer wat veroorsaak het dat die persentasie opbrengs van 13,46% in 2018 gedaal het.*

- Verhoging in kapitaal
- Verhoging in niebedryfslaste

2.2.2 *In artikel A sê Stor-Age dat sy lae hefboomfinansiering hom ruimte gee om meer ontwikkelings- en verkrygingsgeleenthede na te streef. Verduidelik wat Stor-Age hiermee bedoel.*

- Dit beteken dat Stor-Age lae vlakke van skuld het en verdere verkrygings met nog lenings kan finansier.

2.2.3 *Bespreek met verwysing na positiewe of negatiewe hefboom-finansiering of Stor-Age verdere eiendomme moet verkry deur lenings te gebruik. Haal syfers of berekeninge aan.*

- Hulle het negatiewe hefboomfinansiering. Die 6,44%-opbrengs is minder as die 9% gemiddelde rentekoers. Hulle moenie nog 'n lening aangaan tensy hulle hul opbrengs kan verbeter nie.

2.3 *Alle huurders moet een maand se huurgeld as deposito betaal, wat hulle terugkry wanneer hul huurtermyn verby is. Skryf neer onder watter item in die finansiële state die deposito's op jaareinde opgeteken sal word.*

- Handels- en ander bedrae betaalbaar
- (Sal ook bedryfs-/niebedryfslaste aanvaar.)

2.4 *In artikel B sê Stor-Age dat hulle altyd voldoende likiditeit het om hul verpligtinge na te kom wanneer hulle verskuldig is.*

2.4.1 *Bereken die bedryfsverhouding vir 2019.*

- 384 085 : 697 213
  0,55 : 1

2.4.2 ***Ontleed die individuele bedryfsbates en bedryfslaste*** *en bespreek drie redes waarom hulle* ***moontlik*** *hul skuld betyds* ***sal kan*** *betaal.*

- Die meeste beleggers sal waarskynlik kies om nog aandele in plaas van dividende te ontvang, wat die likiditeit beskikbaar stel om die krediteure te betaal.
- As gevolg hiervan behoort die afbetaling van die dividende nie baie kontant te gebruik nie.
- Hulle behoort hul skuld te ontvang voordat hulle hul krediteure moet betaal, alhoewel dit nie genoeg is nie.
- Daar is egter genoeg kontant in die bank om hul krediteure terug te betaal.
- Hulle behoort maandelikse kontantbetalings in hul bank te ontvang uit die maandelikse huurinkomste.
- Dit sal nie genoeg wees as die skuld onmiddellik vereffen moet word nie. As dit deur die jaar versprei word, behoort Stor-Age hul skuld te kan vereffen.
- Kan nie voorraad gebruik om skuld af te betaal nie, aangesien dit nie verkoop sal word nie.

2.5 2.5.1 *Bestudeer Stor-Age se dividendgeskiedenis vir die afgelope twee jaar. Verduidelik twee redes waarom jy met hul dividendbeleid saamstem of nie. Haal syfers aan.*

- Die VPA het met 170 sent (68%) afgeneem, maar dividende het met 9 sent toegeneem.
- Dit het hul opgehoopte verlies laat toeneem, aangesien hul dividende meer was as die verdienste.
- Slegte likiditeit – moenie dividende uitbetaal nie
- Een punt vir getalle/bedrae
- Die dividende wat op jaareinde 2019 verklaar is, was die grootste alhoewel die direkteure toe reeds bewus sou gewees het van hul verminderde netto wins.

2.5.2 *Verduidelik wat 'n nulpersentgroei in die markaandeleprys beteken en gee 'n moontlike rede waarom dit gebeur.*

0% beteken:

- Die prys op die JSE aan die begin van die jaar en aan die einde van die jaar was dieselfde.

Moontlike rede:

- Die vraag na die aandeel het gedurende die jaar nie toegeneem nie. (Dit is waarskynlik omdat Stor-Age gedurende die jaar nog aandele uitgereik het.)
- Die aandele word deur 'n beperkte hoeveelheid mense besit dus sal die aandelepryse nie styg of daal nie want niemand koop of verkoop aandele nie

2.5.3 *Altesaam sewe verskillende beleggingsmaatskappye besit 42% van Stor-Age. Verduidelik waarom hulle Stor-Age as 'n goeie belegging kan beskou. Gee twee punte.*

- Dit het voorheen 'n opbrengs van 16,55% gehad wat die gemiddelde opbrengs wen.
- Stor-Age betaal uiters hoë dividende.
- Stor-Age betaal tussentydse dividende sowel as finale dividende.
- Ander tipe belegging as 'n handelsonderneming.
- Verskans – in die VK.
- Nuwe maatskappy met baie potensiaal
- Grootste eiendoms-maatskappy op die JSE
- 'n Maklike besigheidsmodel
- Kan dividende omskakel in aandele
- Eiendomme se waarde neem gewoonlik toe in waarde

2.5.4 *Bespreek twee redes waarom die beleggingsmaatskappye dit kan oorweeg om hul aandele in Stor-Age vir die 2020 finansiële jaar te verkoop.*

- Daling in wins / Daling in VPA.
- Daling in OOKA / opbrengs op aandeelhouersekwiteit.
- Die opbrengs is laer as op 'n vaste deposito.
- Likiditeitskwessies.
- Aandeelhouding word verwater met die dividende wat in aandele uitbetaal word.
- Die aandeleprys op die JSE het dieselfde gebly.

2.6 *Verduidelik waarom dit goed is vir Stor-Age se reputasie om die beginsels wat in die King-kode neergelê word, te volg.*

- Die King-kode sit uiteen hoe om 'n maatskappy eties te bedryf (korporatiewe bestuur), dus is hulle verantwoordbaar en kan hulle vertrou word.
- As hulle deursigtig is in hul verslagdoening, sal aandeelhouers meer vertroue hê in hul belegging.

VRAAG 3 VERSOENINGS (41 minute)

3.1 *Pablo het op 30 November 2020 sy ouderdomsontleding vir **al sy debiteure** saam opgestel. 'n Paar foute en weglatings is ontdek en die ouderdomsontleding moet nog aangesuiwer word. Korrigeer die debiteure-ouderdomsontleding wat hieronder gegee word met inagneming van die foute wat in die Inligtingsboekie aangetref word.*

150+ dae	120 dae	90 dae	60 dae	30 dae	Huidig
345 000	86 300 – 15 300	74 650 – 7 700	82 170 – 2 300	79 330 + 27 000 – 2000	88 490 + 6 900
345 000	71 000	66 950	79 870	104 330	95 390

Berekeningsblok vir rente:

345 000 × 5% = 17 250 – 10 350 = R6 900
OF 345 000 x 2% = R 6900

3.2 *Bereken die totale debiteure wat op 30 November 2020 verskuldig is.*

R762 540

3.3 *Bereken die gemiddelde getal dae wat die debiteure neem om The Polka Dot Chair terug te betaal.*

686 500
(762 540 + 610 460)½ × 365
1 332 810

= 188 dae

3.4 *Pablo het tot die gevolgtrekking gekom dat sy klante nie daarin slaag om hul skuld binne die 4 maande wat hy hulle gee, af te betaal nie. Hy dink daaraan om na 'n huurkoopmetode te verander waar hy 20% rente by die totale kredietbedrag sal byvoeg en hulle 'n debietorder sal laat teken sodat hulle dit in gelyke paaiemente oor 12 maande afbetaal. Hy sal die meubels as 'n maandelikse bedrag in plaas van die volle bedrag adverteer.*

Verduidelik twee voordele van die huurkoopmetode in detail.

- Laer betalings – meer bekostigbaar vir meer mense, dus hopelik meer klante en verkope.
- 20% rente op elke verkoopstransaksie is gewaarborg, terwyl dit voorheen slegs rente op agterstallige rekeninge was. Meer wins.
- Debietorder is veiliger. Veel beter kans om die betaling te ontvang.
- Ontvang kontant teen 'n bestendige koers elke maand – baie makliker om te begroot.
- Minder adminstrasiekoste omdat debietorders in plek is ipv om kennisgewings uit te stuur
- Die meubels is die eiendom van Polka Dot Chair totdat die klieënt die laaste debietorder betaal het. Pablo kan dus die meubels terugneem as die debiteur nie betalings maak nie, dit is anders as die normale debiteure

3.5 *Stel voor watter betalingsvoorwaardes Pablo nou met sy krediteure moet beding indien hy besluit om met die huurkoopmetode voort te gaan. Verduidelik waarom jy hierdie betalingsvoorwaardes voorstel.*

Betalingsvoorwaardes:
- 6 maande of die langste tyd moontlik waartoe die krediteure sal instem.

Rede:
- Die debiteure betaal die kosprys af na 5½ maande. Hulle betaal die verkoopsprys na 10 maande en die oorblywende 2 maande is rente wat hulle betaal.

3.6 *Voltooi die krediteureversoeningstaat op 30 November 2020.*

Krediteureversoeningstaat op 30 November 2020

Foutiewe saldo op 30 November	164 353
Kredietnota 9	1 800
Faktuur 40	3 600
Faktuur 45	(101 340)
Korting weggelaat 54 537 × 2/98	(1 113)
	Moenie bereken nie

3.7 *Daar is 'n rede tot kommer in die bankversoeningstaat sowel as 'n fout. Bestudeer die bankversoeningstaat en beantwoord dan die volgende vrae:*

3.7.1 *Beskryf oor watter item Pablo bekommerd moet wees. Gee 'n rede.*
Item: Die uitstaande deposito gedateer 5 November
Rede: Die deposito's moet daagliks gedeponeer word om hulle veilig te hou.
- 'n Deposito wat vir 3 weke nie gedeponeer is nie, kan gesteel of verlore wees.

3.7.2 *Verduidelik die fout wat in die bankversoeningstaat gemaak is en beskryf wat in plaas daarvan gedoen moes word.*
Fout: Tjek 54 moenie in die versoeningstaat wees nie (verouderde tjek)
Dit moet in die KOJ gekanselleer word.

3.7.3 *Bereken die bedrag van tjek 92.*
- R36 700

3.7.4 *Verduidelik die inskrywing wat in die Desember-bankversoeningstaat gemaak sou word in die volgende gevalle:*

(a) *Tjek 92 verskyn op die bankstaat in Desember.*
- Doen niks nie

(b) *Tjek 92 verskyn nie in Desember se bankstaat nie.*
- Plaas dit op Desember se bankversoeningstaat

3.7.5 (a) *Verduidelik waarom tjek 99 nie op die krediteurestaat van Leather Worx verskyn nie, alhoewel dit op 20 November saam met tjek 98 aan Leather Worx gegee is.*
- Dit is 'n vooruitgedateerde tjek.
- Leather Worx sou dit in hul kluis gebêre het. Dit kan eers op of na die datum op die tjek opgeteken word.

(b) *Verduidelik hoe tjek 99 op die jaareinde in die finansiële state hanteer sal word.*
- Dit sal weer afgetrek word vanaf die oortrokke bank en bygetel word by krediteure (handels- en ander bedrae betaalbaar)

3.7.6 *Verduidelik waarom die bankstaat 'n positiewe saldo toon hoewel The Polka Dot Chair se banksaldo oortrokke is.*
- Die uitstaande tjeks is in die KBJ krediteer die bankrekening, wat 'n oortrokke bank sal veroorsaak. Die tjeks was nog nie op die bankstaat aangetoon nie. Die waarde van hierdie tjeks is groter as die waarde van die uitstaande deposito's.

Totaal: 100 punte

IEB Copyright © 2020